





AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSAMEN - NOVEMBER 2017

ST BENEDICT'S

GRAAD 11

NAAM: Nasion riglyne

TYD: 2½ UUR

KLAS: 11

TOTAAL: 100

EKSAMINATOR: A. Stothard

MODERATORS: U. Smith, J. van Eeden

Instruksies:

- Beantwoord al die vrae op die vraestel.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING	MOONTLIKE PUNT	WERKLIKE PUNT
A – BEGRIPSTOETS	30	
B - OPSOMMING	10	
C - TAAL	30	
D - POËSIE	30	
TOTAAL	100	

GRADERINGSKODE	BESKRYWING	PUNT/PERSENTASIE
7	UITMUNTEND	80 - 100
6	VERDIENSTELIK	70 - 79
5	BEDUIDEND	60 - 69
4	VOLDOENDE	50 - 59
3	MATIG	40 - 49
2	BASIES	30 - 39
1	ONTOEREIKEND	0 - 29

Naam:

Gr. 12

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

VRAAG 1

Lees die onderstaande koerantberig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Vraag 1	10	
Vraag 2	9	
Vraag 3	11	
Totaal	30	

Weesdiere soek net 'n bietjie liefde.

Al kan jy nie dié Kersfees 'n troeteldier aanneem of geld aan 'n dierewelsynsorganisasie skenk nie, kan jy 'n bietjie liefde gee.

Soms is 'n kopkrap al wat 'n weggooidier nodig het.

By die Wollies-diereprojek in Hesteapark, in die noorde van Pretoria, wag sowat 400 honde op 'n uitstappie.

Die meer as 100 katte, wat in hout-huise met name soos Katte-kwaad, Kat-a-strofe en Kat-se-snor woon, wil net 'n bietjie van jou tyd en aandag hê – 'n borsel of 'n vryfie.

“Ons kry meer diere in as wat aange-neem word,” sê Cilla Trexler, eienaar van Wollies. Sy sê mense lieg oor waarom hulle nie meer na die diere kan omsien nie – hulle emigreer of skei kwansuis of sê hul eie hond of kat is 'n rondloper- of verdwaalde dier.

Mense kom gee soms in Desember 'n hond of 'n kat weg en kom haal in Januarie 'n ander een, sê sy.

Die Tshwane-Dierebeskermings-vereniging (DBV) en Wetnose in Bronkhorstspuit het dieselfde probleme.

Korky Levanon, bestuurder van die

Tshwane-DBV, sê hulle het 'n groot tekort aan personeel en vrywilligers is welkom om met instandhoudings- of tuinwerk en die algemene versorging van die diere te help.

Die DBV se voertuie is ook oud en gedaan.

Veronica van der Merwe, diereherbergbestuurder van Wetnose, sê die organisasie is vanjaar “vrek besig en vrek vol”.

Hulle sien na meer as 400 honde, 75 katte, 48 perde, tien donkies en vyf varke om.

As jy wel 'n dier kan aanneem, gaan dit jou soveel kos:

- Om 'n hond by die Tshwane-DBV aan te neem kos R610 en 'n kat R450. Dit sluit sterilisasie, 'n mikroskyfie, ontworming en inentings in.

- By Wetnose kan jy 'n hond vir R480 aanneem, wat ook sterilisasie, 'n mikroskyfie en inentings insluit, of 'n kat teen R420. Hulle word ook vir leukemie en katvigs getoets.

- By Wollies kan jy 'n hond vir R400 tot R550 aanneem, afhangend van die grootte, en 'n kat vir R350, wat net die sterilisasie insluit.

Storie: Seugnet van Zyl

1. Wat is die enigste ding wat die katte van jou vra?

'n Bietjie van jou tyd en aandag / 'n borsel of 'n vryfie. (1)

2. Noem een leuen wat mense vertel wanneer hulle 'n dier na Wollies bring.

Hulle emigreer / hulle skei / sê dis 'n rondloper of verdwaalde dier. (1)

3. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter neer.

Kattekwaad beteken ...

- A. Jy doen iets wat jy nie mag doen nie.
- B. Die katte is smookkwaad.
- C. Die eienaars is kwaad vir hulle katte.
- D. Die katte is teleurgesteld in hul eienaars.

A.....

(1)

4. Watter groot probleem het die Tswane-DBV?

Hulle het 'n tekort aan personeel en onwilligers. (1)

5. Voltooi die sin met jou eie woorde.

'n **Vrywilliger** is iemand wat uit eie wil iets doen / help - sonder vergoeding / betaling. (iets soortgelyks) (1)

6. Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

6.1 Jy betaal minder as jy 'n hond by die Tswane-DBV aanneem as wat dit by Wetnose sal kos.

Onwaar "by Tswane-DBV kos R610...
... by Wetnose R480" (1)

6.2 Die Tswane-DBV se voertuie is in 'n goeie kondisie.

Onwaar 'voertuie is ook oud en gedra' (1)

7. Waarvoor word katte by Wetnose getoets? Noem twee.

leukemie en katvige (1)

8. Watter woord sê vir jou dat die diere in hierdie koerantberig aan niemand behoort nie? Skryf net die woord neer.

weesdiere / weggooidier (1)

9. Wat sluit die prys wat jy betaal om 'n kat by Wollies aan te neem, in?


Sterilisasie. (1)

[10]



VRAAG 2

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.



Genestel langs 'n 2 km lange beskutte strand aan die oostekant van Mauritius, lê die Constance Belle Mare Plage-strandoord. 'n Harmonieuse samesyn van tropiese plantegroei en "Constance-sjiek", waar 'n elegante en huukse omgewing gekombineer word met die warmte en onopgesmukke gasvryheid eie aan hierdie eilandnatie.

Steeds getrou aan hul reputasie as ikoniese oord is dit verlede jaar vernuwe. Gesofistikeerde ontwerpe, wat gekies is vir optimale gemak, en 'n palet van helder kleure het nuwe lewe in die interieur geblaas.

Die Constance Belle Mare Plage is die ideale vakansiebestemming om nuwe dinge te probeer, maar terselfdertyd ook net pret te hê. Hul omvattende lys van geriewe sluit in van rustige dae en drankies op die strand tot skemerkalkies by een van vyf kroeg, 'n gimnasium vir fiksheidsbewustes en aktiwiteite soos snorkel, katamaran-uitstappies, diepsee-hengel, vlieërplankry, helikopter-ritte en selfs onderwater-besigtigingstoere in 'n boot met 'n glasbodem. Ook pamperslang-bederwe by die Constance U Spa, met 'n haarsalon en 'n pedikuur-areljeer van die bekende Brice Nicham.

Vir kinders van 4 tot 11 jaar is daar die Constance Kids Club, met genoeg aktiwiteite en avontuur sodat hulle nie 'n oomblik verveeld sal wees nie.

Op die kulinêre front is daar sewe restaurante, elk met 'n eie fokus. Jy kan selfs kookklasse en wenke by van hul wêreldgehalte-sjefs kry!

Die oord spog ook met twee golfbane: Legend, een van die bestemmings van die Europese Toer, en Links. Albei perfek vir professionele én amateurspelers.

Vir meer inligting of om jou eie eksklusiewe wegbreek te bespreek, besoek www.bellemareplage.com

VRAAG

Op watter eiland is die Constance Belle Mare Plage?

Die prys

- 2 hoteldeurtjies van Johannesburgse O.R. Tambo-lughawe na Mauritius met Air Mauritius
- Vervoerkorting op vervoer na en van die hotel na Mauritius
- 5 nagte se verblyf vir 2 by die Constance Belle Mare Plage-strandoord
- Ontbyt en sandale daaglik
- Lughawebelasting vir reëner (maar nie die wettiese metoosal nie)

Die prys sluit nie die volgende in nie

- Reisversekering
- Lughawebelasting vir jou metoosal
- Alle vervoer en vlugte in Suid-Afrika na en van die O.R. Tambo-lughawe
- Alle drankies, etes en alkohol wat nie by die park hierbo jages uit is nie



WEDSTRYDREËLS

- Die prys is onderhewig aan beskikbaarheid.
- Hierdie prys is geldig vir 1 jaar vanaf die dag waarop jy die oproep kry dat jy gewen het.
- Verblyf in die hoogseisoen, skoolvakansies en oor openbare vakansiedae is uitgesluit.
- Die prys kan nie vir kontant ingeruil, oorgedra, opgradeer of verleng word nie.
- Bespreking sal bevestig word 6 weke voor aankoms.
- Die hotel het die reg om enige tyd reisreëlings te verander.

SIEN OOK WEDSTRYDREËLS OP BL. 133

SMS EN NEEM DEEL

SMS die sleutelwoord CONSTANCE, gevolg deur die antwoord op die vraag, jou naam, van en telefoonnommer na die nommer 32609. ('n Tarief van R1,50 per SMS geld.)

SLUITINGSDATUM

30 Junie 2017

Die wenreëls teen 14 Junie 2017
Wettige toekennings gesels word

AIR MAURITIUS

Holiday
Factory



CONSTANCE
Belle Mare Plage
MAURITIUS

SARIE.com Junie 2017 | 55

1. Noem twee van die borge van hierdie kompetisie.

Air Mauritius, Holiday Factory, Constance Belle Mare Plage (1)

2. Wat kan besoekers by 'n kroeg gaan doen?

In Skemerkelkie drink. (1)

3. Watter twee geriewe sal vrouens veral by die Constance Belle Mare Plage-strandoord geniet?

In Haarsalon en pedikuur ateljee of Constance u Spa jong mense (1)

4. Noem twee aktiwiteite wat veral deur seuns geniet sal word.

Snorkel / katamaran / diepsee-hengel / vlieërplanke / helikopter-rit / onderwater besigtigingstoere (1)

5. Wat is die antwoord op die vraag om hierdie kompetisie te wen?

Mauritius (1/2)

6. Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur uit die advertensie aan te haal.

6.1 Die wenner van hierdie kompetisie kan die prys gedurende die Desember-vakansie gebruik.

Waar - verblyf in hoogseisoen, skoolvakansies en openbare vakansiedae is uitgesluit. (1)

6.2 Om vir hierdie kompetisie in te skryf, is gratis.

Onwaar - 'n tarief van R1.50 per SMS geld. (1)

7. Sal die wenner vir middagetes moet betaal? Motiveer jou antwoord deur uit die advertensie aan te haal.

Ja. onthut en aandete daaglik is ingesluit. (1)

8. Sal die wenner 'n SMS ontvang om te sê dat hy/sy die kompetisie gewen het? Motiveer jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

"... telefonies in kennis gestel word." (1)


9. Wat moet jy doen om jou eie vakansie by Constance Belle Mare Plage-strandoord te bespreek?

Besoeke www.bellemareplage.com (1/2)

[9]

VRAAG 3

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



1. In watter koerant het hierdie spotprent verskyn?

Volksblad (1)

2. Waarom is die gesin so bly?

Hul seun/broer het matriek geslaag. (1)

3. Wat is die seun se ouers en sussie besig om te doen?

Te dans (1)

4. Watter visuele bewys is daar dat die ouers en sussie baie gelukkig/bly is? Noem twee.

Hulle glimlag, arms in lug, dans (1)

5. Beskryf in jou eie woorde (in Afrikaans) wat die seun se houding is?

Hy gee nie om nie, wys geen emosie nie (1)
(iets wat sin maak)

6. Wat is die seun besig om te doen? Noem twee.

Hy luister na musiek (oorfone)
Speel op sy iPad → kan ook oorfone gebruik (2) (1)

7. Watter soort kledingstuk dra die meisie heel links?

In Rok (1/2)

8. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter neer.
Die seun dra ...

- A. sportklere
- B. 'n aandpak
- C. slenterdrag
- D. nagklere

.....C.....



(1/2)

9. Wat dra die pa? Noem vier items.

.....Hemp, langbroek, kouse, skoene..... (2)

10. Wie is die spotprentkunstenaar?

.....Niel van Vuuren..... (1)



[11]

(1)

10 - deurs

SH

AFDELING B: OPSOMMING

Som vyf wenke vir die eksamen in vyf goeie sinne op en sê hoe dit jou kan help.

- Nommer die sinne van 1 tot 5
- Laat 'n reël tussen elke sin oop.
- Skryf die woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die leesstuk aanhaal nie.
- Skryf die opsomming in vyf volsinne van **70 woorde** neer.
- Elke sin moet 'n wenk en 'n hoe die wenk jou kan help, bevat.
- Begin elke sin met: **Jy moet ...**
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (langer as 80 woorde) is.

Wees slaggereed vir die eksamen

Voor jy weet is die jaar verby en lê die matriekeindeksamen voor die deur. Hier is 'n paar wenke hoe jy kan kalm bly en doeltreffend kan studeer. Moenie dat jou matriekdans jou gedagtes oorheers en jou aandag aflei nie. Bly gefokus met hierdie wenke.

Maak 'n kalender vir jou muur of lessenaar. Los genoeg plek om 'n doenlys vir elke dag van die week daarop in te vul. Skryf jou eksamendatums vir die Julie- en Oktobereksamen neer.

Bepaal watter vakke vir jou die maklikste is. Staan meer tyd af aan die moeilike vakke. Raak gewoond aan die roetine van 'n daaglikse studiesessie vir die volgende paar maande. Wees streng met jouself en omskep dissipline in 'n gewoonte.

Raak aktief betrokke by die teks terwyl jy dit lees. Vra jouself af: "Wat is belangrik om te onthou van hierdie gedeelte?" Maak notas of onderstreep sleutelkonsepte.

Bespreek die werk met ander leerders in jou klas. Maak opsommings van die hoofstukke en lê klem op die verband tussen die verskillende afdelings in jou leerwerk. Groepeer inligting waar moontlik in logiese, hanteerbare seksies.

Laai vorige vraestelle af. Dis 'n uitstekende hulpbron en sal jou 'n idee gee van wat om te verwag. Aanvullende studiegids kan ook as studiehulp gekoop word. Skeduleer die uitwerk van die vraestelle op jou studierooster.

Kry genoeg slaap sodat jou verstand op sy beste kan werk. Moenie deurnag studeer nie en moenie te veel energiedrankies met baie kafeïen drink nie. Dit kan jou dalk wakker hou, maar te veel daarvan kan dit moeilik maak om te konsentreer.

Wees slag gereed vir die eksamen.

1. Jy moet 'n kalender maak sodat jy 'n daaglikse doentys daarop kan invul.
2. Jy moet gewoond raak aan 'n daaglikse studie-roetine sodat jy dissipline in 'n gewoonte kan omskep.
3. Jy moet opsommings van verskillende hoofstukke maak sodat jy inligting in hanteerbare sekses kan groepeer.
4. Jy moet vorige vraestelle deurwerk, want dit gee jou 'n idee van wat ou te verwag.
5. Jy moet genoeg slaap en min kafeïene drink sodat jy kan konsentreer.

Aantal woorde - 72

Jy moet vasstel watter vakke vir jou die maklikste is sodat

Jy moet streef wees met jouself sodat

Jy moet die werk met ander mense in die klas bespreek.

Jy moet inligting groepeer sodat

Jy moet studiegidse gebruik sodat...

(te veel moontlikhede?)

Naam: Gr. 12

AFDELING C: TAAL

VRAAG 1 – SINSTRUKTURE

Voltooi die sinne soos aangedui.

Vraag 1	16	
Vraag 2	8	
Vraag 3	6	
Totaal	30	

Mauritius - eiland paradys

1. Mauritius is 'n veilige hawe vir seerowers uit die Ooste.

Jare gelede ... was Mauritius 'n veilige hawe vir
... seerowers uit die Ooste (gewees)? (1)

2. Die inwoners van Mauritius is bekend vir hulle vriendelikheid en gemaklike houding,

Die inwoners van Mauritius is bekend vir sowel ... hulle vriendelikheid
... as ... gemaklike ... houding. (1)

3. Formuleer 'n vraag waarvan die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

Die Mauritiërs is trots op hul verskillende kulture en tradisies.
... Waarop is die Mauritiërs trots? (1)

4. Ons ry 'n uur lank van die lughawe na ons vakansieoord. Die vakansieoord is aan die oostekant van die eiland.

Omdat ... die vakansieoord aan die oostekant van die
... eiland is, ... ry ons 'n uur lank van die lughawe. (1)

5. Slaap soggens laat! na ons vakansieoord.

... Moenie soggens laat slaap ... NIE! (1)

6. Ons gaan na die strand. Ons kan die hele dag swem.

Ons gaan na die strand om ... die hele dag te swem. (1)

7. Die heerlikste tropiese vrugte word deur ons op die strand geëet.

Ons ... eet ... die heerlikste tropiese vrugte
... op die strand. (1)

8. Die seewater is helderblou. Ons swem in die seewater.

Die seewater waarin ... ons swem, is helderblou. (1)

9. Kyk na die verskeidenheid visse in die water.

Jy behoort ... na die verskeidenheid visse in die
... water te kyk. (1)

10. Jy kan elke dag op die Legend-gholfbaan gholf speel.

Gholf ... kan elke dag deur jon op die legend-gholfbaan gespeel word. (1)

11. Geniet 'n eksotiese maaltyd in een van die restaurante.

Jy hoef nie 'n eksotiese maaltyd in een van die restaurante te geniet nie. (1)

12. Ek het stadig die verfrissende drankie gedrink.

Die verfrissende drankie ... is stadig deur my gedrink. (1)

13. Mauritius is perfek vir kinders en volwassenes. Mauritius is die perfekte vakansiebestemming. (wat)

Mauritius wat die perfekte vakansiebestemming is, is perfek vir kinders en volwassenes. (1)

14. Het jy al in die see by Mauritius geswem?

Nee, ... ek het nog nie in die see by Mauritius geswem nie. (1)

15. "Ek wil my voete in die sagte wit sand van Mauritius druk," sê Mary.

Mary sê dat sy haar voete in die sagte wit sand van Mauritius wil druk. (1)

16. Die kalm see maak dit perfek vir die meeste watersport.

In die toekoms ... sal die kalm see dit perfek vir die meeste watersport maak. (1)



VRAAG 2 – WOORDSTRUKTURE

Voltooi die volgende gedeelte soos aangedui. Skryf jou antwoord in die tabel hieronder.


Ontdek Hermanus

Hermanus is 1½ uur se ry van 1. (Kaapstad/Kaap Stad – kies die korrekte spelling) en is deel van die Kaapse walvisroete. 2. (Elke jaar – een woord) kom mense van oor die wêreld hierheen om die walvisse te sien. Jy kan ook die walvisroeper ontmoet 3. (wat/wie – kies die korrekte woord) jou met sy 4. (mishoring – gee die verkleiningsvorm) laat weet wanneer die walvisse naby is.

Die Kalfiefee 5. (fier/vier/vuur – kies die korrekte woord) die koms van die walvisse en jy kan sien hoe die 6. (1ste – skryf rangtelwoord in woorde) kalfies gebore word. Die Walvisfee is die oudste, grootste en 7. (goed – gee die oortreffende trap) aan die Walviskus. Daar is verskeie aktiwiteite 8. (wat + aan – gee een woord) die hele gesin kan deelneem, 9. (bv. – skryf afkorting voluit) boomtoptoe, gholf, die wynroete, 10. (vierwielmotorfietsrit – gee die meervoud) die kunsroete, spesialiteitswinkels en 11. (spa – gee die meervoud). Toegang na al die verskillende aktiwiteite is 12. (gratis – gee 'n sinoniem). Jy 13. (wil/sal – kies die korrekte woord) elke oomblik van jou besoek aan hierdie 14. (kus + dorpie – vorm 'n samestelling) geniet en sal wens dat jy 15. (lank – gee die vergrotende trap) kan bly. Bespreek jou verblyf sommer nou in Hermanus se 16. (nuwe – gee die intensiewe vorm) hotel.

1.	Kaapstad	9.	byvoorbeeld
2.	Jaarliks	10.	vierwielmotorfietsritte
3.	wat	11.	spa's
4.	mishorinkie	12.	verniet
5.	Vier	13.	sal
6.	eerste	14.	kusdorpie
7.	beste	15.	langer
8.	waaraan	16.	splinternuwe

[8]



VRAAG 3 – KOMMUNIKASIE

Lees die inligting hieronder wat op die prentjies gebaseer is, deeglik deur.
Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.
Elke respons moet tussen 15–20 woorde lank wees.
Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.

3.1 Die seun voel baie **gelukkig** dat die meisie ingestem het om saam met hom te gaan uiteet.
Wat sê hy vir haar?



"Hehe!!
"Lite, jy maak my die
gelukkigste en in die hele wêreld! Ek is
so bly jy is hier by my." (20 woorde) (2)

3.2 Die vrou is **smoorkwaad** toe die man op die fiets haar handsak gryp en wegry.
Wat skree sy vir hom?



"Hei, jom ongeskikte, lui
lamsak! As ek jou in die
hande kry skop ek jou
disnis!" (16 woorde)

(2)

3.3 Die man het by 'n huis ingebreek en die TV gesteel.
Hy is **bang** die eienaar word wakker en bel die polisie.
Skryf neer wat hy dink terwyl hy by die huis uitsluip.



"Ek hoop nie iemand word
wakker en hoor my nie. Ek
wil regtig nie vanaand doodgeskiet word nie!" (2)
(18 woorde)



[6]

l

Naam: Gr. 12

AFDELING D: POËSIE

Beantwoord die vrae oor die volgende gedigte.

VRAAG 1

Susan Boyle – Kobus Grobler

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van *Britain's got talent*
aangeja soos 'n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk



Vraag 1	10	
Vraag 2	10	
Vraag 3	10	
Totaal	30	

1. Wie is die 'pilatusse' in reël 2?

Die beoordelaars (1)

2. Wat was die 'pilatusse' se werk?

Hulle moet die deelnemers se sangtalent beoordeel (1)

3. Haal 'n voorbeeld van 'n vergelyking uit die gedig aan.

aangeja soos 'n skaap (1)

4. Haal opeenvolgende aparte woorde uit die gedig aan wat Susan se voorkoms beskryf.

miserabel vaal die monobrou die kapsel (1)

5. Haal 'n versreël aan wat vir jou sê dat die 'pilatusse' en die mense in die gehoor nie beïndruk was toe Susan op die verhoog verskyn het nie?

'Simon spot, skares jou uit:' (1)

6. Waarna verwys 'klein Nasaret' in die gedig?

Die klein dorpie waarvan Susan gekom het (1)

7. Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan.

Simon spot, skares | vanuit vernederende vooroordeel (1)

8. Waar vind die wending in die gedig plaas?

met die eerste woorde van I dreamed a (1)

9. Sê in jou eie woorde hoe het die skare reageer het toe Susan begin sing het.

Hulle kon nie glo wat hulle hoor nie. (1)

10. Hoe het Susan haar talent aan die hele wêreld geskenk?

Deur aan BGT deel te neem (1)

VRAAG 2

Here Be Dragons – Izak de Vries



[10]

pa se kodewoord
draf ek in 'n oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my religie en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies voetel ook maar graag

ons wêét, pa
ons keyboards is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys

waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant?
ons kleims afsteek?



los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar 'n virus wees
'n wurm of 'n Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van 'n pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
'n USB vir my gemoed?

of gaan jy stug 'n vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?



(dragons)

1. Noem een gevaar waarna die woord 'drake' in hierdie gedig verwys.

..... Internet (1)

2. Wie is die spreker in hierdie gedig?

..... In Tienersseun / mevrou? (1)

3. Haal 'n voorbeeld van 'n metafoor in strofe 2 aan. Skryf net die versreël neer.

..... inligting is my religie / Google Earth my kaart. (1)

4. Haal een woord uit strofe 2 aan wat aandui wat in die 'nuwe ruimtes' (strofe 1) opgesluit lê.

..... inligting (1)

5. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat aandui dat die spreker sy gebruik van die Internet as 'n godsdiens beskou.

..... my religie (1)

6. Haal die versreël aan wat sê dat jy goeie sowel as bose mense op die web kan ontmoet.

..... na kletsvriende in Pote, na hekse in Parys (1)

7. Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte woord te kies. Skryf slegs die letter neer.

Die kind noem sy/haar pa 'n 'USB vir my gemoed' (reël 25).
Dit is 'n voorbeeld van 'n ...

- A vergelyking.
- B metafoor.
- C klanknabootsing.
- D personifikasie.

..... B (1)

8. In watter situasie kan die kind moontlik sy/haar pa se hulp verlang?

..... As hy in die klone van pornografie of 'n pedofiel beland. (1)

9. Waarvoor is die kind bang?

..... Dat sy pa hom sal verwerp as hy in die moeilikheid beland. (1)

10. Wat is die digvorm? — rymstemma?

..... Vrije vers. (1) *



[10]

VRAAG 3 – ONGESIENE GEDIG

Rooikappie – Philip de Vos

Klein Rooikappie stap na die woud
na Ouma toe, maar skrik haar koud,
en sy wou flou val, ja, gewis,
toe 'n BMW haar net-net mis.

En by die stuurwiel, dik en vet,
vol Old Spice en 'n sigaret
sit Hendrik Janse van der Colff,
bekend as padvark, én as wolf.

"Wil jy 'n lift hê, liewe diertjie?
Dan gee ek jou 'n koue biertjie."
Maar darie goeie kind Rooikappie
dink aan woorde van haar pappie:

Pas tog op vir vreemdelinge,
met hul lollipops en dinge ...
Gedagtig daaraan sê sy NEE!
en hoor net motorbande skree.

Maar toe sy by haar ouma kom,
was sy geskok en skoon verstom,
want naas haar in die dubbelbed
lê Hendrik Janse, breed en vet.

Haar ouma sug: "My nood was groot,
want Oupa is so lankal dood ..."
Toe sluk die tweetjies aan 'n Carling,
en sê die wolf: "Nou's jy my Darling."

Hier's 'n les: Wees nêrens Rooikappie.
Luister altyd na jou pappie.
Maar beslis nie na jou ouma.
Anders wag verdriet en trouma ...



1. Waarheen was Rooikappie op pad?

..... Na haar ouma. ✓ (1½)

2. Sê in jou eie woorde waarom Rooikappie so groot geskrik het.

..... 'n BMW het haar amper raakgeen. (1)

3. Skryf drie aparte woorde uit die gedig neer wat vir jou sê dat Hendrik Janse van der Colff opgewig is

..... dik ✓, vet ✓, breed ✓ (1½)

4. Voltooi die sin met jou eie woorde. 'n Padvark is iemand wat ... padreels
verontagsaam / roekeloos bestuur (1)
5. Haal 'n versreël aan wat vir jou sê dat Hendrik 'n padvark is.
toe 'n BMW haar net-net nêrens / of (1)
6. Waarmee wou Hendrik vir Rooikappie oorreed om saam met hom te ry?
in 'n Kone biertjie (1)
7. Hoekom wou Rooikappie nie saam met Hendrik ry nie?
Haar pa het haar teen vreemdelinge gewaarsku (1)
8. Skryf twee aparte woorde neer wat beskryf hoe Rooikappie voel toe sy by
haar ouma se huis aankom.
geskok ✓, verstom ✓ (1)
9. Haal die versreël aan wat vir jou sê dat Rooikappie se oupa nie meer
lewe nie.
"want Onpa is so lankal dood..." (1)
10. Wie kan jy nie, volgens die gedig, vertrou nie?
Vreemdelinge ✓ (½)
11. Wat is die rymskema van die gedig?
aabb - paarrym ✓ (½)



[10]